higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF

NKR VLAK 4

(11020334)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs blou of swart ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Dit kan beskryf word as die invordering van idees oor algemene reëls vir die manier waarop 'n besigheid of organisasie bestuur moet word.

A Beplanning
B Bestuursteorie
C Vervoer
D Bestuur

1.2 Wat is die wettige algehele lengte van 'n gelede ('articulated') voertuig met 'n abnormale vrag?

A 18,5 m
B 2,6 m
C 4,3 m
D 22,0 m

1.3 Wat simboliseer die volgende internasionaal gestandaardiseerde teken?



A Slinger hier
B Moenie hake gebruik nie
C Klamp hier
D Moenie versperring vernietig nie

1.4 Die doelstelling van vervoerbestuur is om …

A groei van die ekonomie te bevorder.
B die doel van die organisasie te beklemtoon.
C veilige, betroubare vervoer te verskaf.
D die benutting van bates te monitor en te beheer.

1.5 Vervoerkoste sluit die volgende in:

A Produksiekoste
B Pakhuiskoste
C Waardevermindering van voertuie
D Bemarkingskoste

Kopiereg voorbehou

1.6 'n Vervoeronderneming moet registreer vir ...

A inkomstebelasting.
B vervoerbehoeftes.
C waardevermindering.
D instandhoudingskoste.

1.7 Koste wat dieselfde bly ongeag die gebruik van 'n voertuig in 'n vervoeronderneming:

A Direkte koste
B Tydverwante koste
C Eenheidskoste
D Afstandsverwante koste

1.8 Die Nasionale Padverkeerregulasies vereis dat 'n voertuig of kombinasie 'n vryhoogte ('ground clearance') van nie minder as … onder belaste massa-toestande het nie.

A 120 mm
B 115 mm
C 175 mm
D 150 mm

1.9 Vervoerskedulering behels die volgende:

A Die vermoë om die volume van produksie te verander
B Die ontwikkeling van die maatskappy om groei te verseker
C Bepaling van vervoerbehoeftes
D Bestel van onderdele en materiale

1.10 Die maksimum spoed vir 'n abnormale voertuig op openbare paaie hang af van ...

A die reisafstand.
B die afleweringsperiodes.
C die lading op bande.
D klante se verwagtinge.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 'n Verspreidingsentrum is 'n pakhuis wat spesifiek vir berging ontwerp is.

2.2 'n Konvooivoertuig moet voor 'n abnormale voertuig ry en uit die oog wees.

2.3 Beleide is verwante aktiwiteite wat 'n spesifieke diens of produk lewer.

2.4 Gevaarlike goedere is materiale of items met skadelike eienskappe.

2.5 Die vervoer van gevaarlike goedere met verskillende middele verg gewone voertuie en bestuurders.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Gebruik om die spesifieke instruksies te beskryf om 'n taak uit te voer	A	dienskoste
3.2	'n Gedrukte teken wat vir openbare vertoning aangebring is	B	roeteskedulering
3.3	'n Vaste bedrag wat vir dienste gelewer gehef word	C	prosedures
3.4	Uitgawes wat verband hou met 'n ander persoon wat 'n waardevolle taak uitvoer waarvoor gespesialiseerde kundigheid nodig is	D	tariewe
3.5	Die proses waarvolgens 'n aankoms- en dienstyd vir elke stilhouplek toegewys word	E	plakkaat
		F	beplanning
		G	direkte koste

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of 'n term langs die vraagnommer (4.1–4.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Beplanning, ontwerp, lewering, uitvoering en evaluering van vervoer, terwyl ag geslaan word op die behoeftes van die omgewing en die algemene ekonomie

4.2 'n Belangrike naaf ('hub') in die vloei van goedere in 'n aanbodkettingstelsel

4.3 Interprovinsiale, oorgrens-permitte wat deur een provinsie uitgereik word namens ander provinsies wat deur dieselfde rit met 'n abnormale las geraak word

4.4 'n Plan om noodreaksie-prosedures vir stortings en rampe in 'n onderneming te bestuur

4.5 'n Fisiese verspreidingskanaal wat dikwels die vervaardiger en 'n ander afleweringsdiens insluit, maar nie kleinhandelwinkels nie

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Noem enige VIER vervoermiddele. (4)

5.2 Gebruik 'n piramiedstruktuur en teken 'n organisasiekaart om die verhouding tussen die bestuur en die verskillende bedrywighede in 'n vervoeronderneming te illustreer. Toon op die vertikale as die top-, middelvlak- en eerstevlakbestuur. Toon op die horisontale as DRIE verantwoordelikheidsareas (departemente). Voeg byskrifte by jou diagram. (9 × 1) (9)

5.3 Beskryf enige DRIE faktore wat die keuse van 'n vervoermiddel beïnvloed. (3 × 2) (6)

5.4 Verduidelik enige VIER algemene reëls wat in ag geneem moet word wanneer die roetes van voertuie bepaal word. (4 × 2) (8)

5.5 Noem VIER soorte maatskappye waaruit gekies kan word as 'n onderneming gestig word. (4)

[31]

VRAAG 6

6.1 Beskryf DRIE doelstellings van verspreidingskanale wat in ag geneem moet word vir die kostedoeltreffende verspreiding van goedere. (3 × 2) (6)

6.2 Onderskei tussen *terugwaartse* ('upstream') en *voorwaartse* ('downstream') produksiekoste en gee EEN voorbeeld van elkeen. (7)

6.3 Beskryf TWEE eienskappe van produkte wat die vervoerkoste daarvan kan beïnvloed. (2 × 2) (4)

[17]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Bestudeer die foto hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



Suid-Afrika se grooste padvragmotor op 'n pad naby Johannesburg. Die breë vragmotor se vragdraer is 10,1 meter breed en 5,4 meter hoog. Die voertuig is in totaal 13 meter lank en weeg 85 ton.

[Foto: *Gallo Images/Rex Features*]

7.1 Gee EEN woord om die soort vrag in die foto hier bo te beskryf. (1)

7.2 Noem TWEE soorte konvooie wat gebruik word om die risiko's te versag wat met die vervoer van die soort vrag beskryf in VRAAG 7.1 verband hou. (2)

7.3 Onderskei tussen 'n ritpermit en 'n roetetydperk-permit in die vervoer van hierdie soort vrag. (5)

7.4 Met betrekking tot die foto:

Noem en bespreek DRIE merktekens wat vereis word om te verseker dat hierdie vrag ingevolge wetgewende vereistes vervoer word. (3 × 4) (12)

7.5 Bespreek enige VYF uitdagings wat die vervoer van hierdie soort vrag op openbare paaie meebring. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 8

8.1 Beskryf VYF riglyne vir nakoming van die Nasionale Padverkeerregulasies en die Wet op Gevaarlike Stowwe wanneer gevaarlike goedere bo die vrygestelde hoeveelheid vervoer word. (5 × 2) (10)

8.2 Bespreek VIER items wat ingevolge die Nasionale Padverkeerregulasies by die sillabus vir die opleiding van bestuurders ingesluit moet word. (4 × 2) (8)

8.3 Verduidelik hoe proaktiewe of aktiewe monitering as 'n veiligheidsmaatreël in die werkplek werk. (3)

8.4 Beskryf die volgende soorte gevaarlike en skadelike goedere en gee een voorbeeld van elkeen.

8.4.1 Gevaarlik wanneer nat

8.4.2 Organiese peroksiede

8.4.3 Besmetlike stof

(3 × 3) (9)

8.5



Verduidelik kortliks hoe die boonste en onderste helfte van gevaaretikette gebruik word om inligting oor te dra. (2 × 2) (4)

8.6 Herrangskik die terme van die lewensiklus van afvalbestuur in dalende orde van belangrikheid.

herstel; hergebruik; afvalvermyding en -vermindering; behandeling en wegdoening; herwinning

(5 × 1) (5)

8.7 Noem DRIE internasionale beheerbeginsels vir die bestuur van gevaarlike afval. (3)

[42]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou